F95 [95]

# PERSKOR PUBLICATIONS
AND RELATED INDUSTRIES

The Press Corporation of S.A. Ltd. 28 Height Street Doornfontein Johannesburg 2094 Telephone 776-9111 P.O. Box 845
Johannesburg 2000 Fax 011 402-0362 REG NO 71/04223/06

FAKS

| | | |
|---|---|---|
| TO | : | MELODY EMMETT |
| FROM | : | J F VAN HEERDEN<br>TEL (011) 776 9111 x 131<br>FAX (011) 402 0362 |
| DATE | : | 13 JULY, 1993 |
| PAGES | : | 5 |

---

Directors: J M Buitendag (Executive Chairman); Prof D M Joubert OMSG (Vice-Chairman); Prof C F Crouse; Dr J Howell; D du Preez; L P Korsten; Prof H O Maree; Prof H Meyer OMSG; H A Sloet OMSG; Dr S J J van Rensburg; J H Viljoen; J Wilkens DMS; M J van Aswegen (Executive Director: Printing); D S van der Merwe (Group Managing Director)

783

**PERSKOR PUBLIKASIES**
EN VERWANTE BEDRYWE

Die Perskorporasie van S.A. Beperk, Heightstraat 28 Doornfontein Johannesburg 2094 Telefoon 778-9111 Posbus 845 Johannesburg 2000 Faks 011 402-0382 REG NO 71/04223/06

12 July, 1993

Independent Media Commission
World Trade Centre
KEMPTONPARK

Attention: Melody Emmett

Fax 397 2211

Dear Sirs

INDEPENDENT BROADCAST AUTHORITY

Please find attached our comments on the Indpendant Broadcast Authority.

Yours sincerely

JF VAN HEERDEN
SENIOR GENERAL MANAGER - DEVELOPMENT

Direkteure: J M Buitendag (Uitvoerende Voorsitter); Prof D M Joubert OVDG (Onder-voorsitter); Prof C F Crouse; Dr J Howell; D du Preez; L P Korsten; Prof H O Maree; Prof H Meyer OVDG; H A Sloet OVDG; Dr S J J van Rensburg; J H Viljoen; J Wilkens DVD; M J van Aswegen (Uitvoerende Direkteur: Drukkerye); D S van der Merwe (Groep Besturende Direkteur)

# KOMMENTAAR OOR DIE VOORGESTELDE UITSAAIWET

Daar is enkele artikels van die wet waaroor ons graag kommentaar wil lewer.

Art. 43 2 (h) Hierdie klousule bepaal dat 'n sekere deel van die direksie, aandeelhouding en senior personeel uit histories verontregte Suid-Afrikaners moet bestaan. Perskor vereenselwig hom met die standpunt dat alle burgers billike geleenthede moet kry en dat waar nodig daar hulp verleen moet word om dit te bewerkstellig. Dit is egter Perskor se oorwoë mening dat sodanige maatreëls nie op 'n kunsmatige wyse wat nie noodwendig in belang van die onderneming is, summier afgedwing behoort te word nie. Tydsberekening en vereiste bevoegdhede met die oog op wesentlike bydraes, behoort altyd deeglik geneem te word - dus indien indiwidue nie onmiddellik beskikbaar is nie moet daarnatoe gewerk kan word.

Ons wil ons vereenselwig met 'n mening in die Tegniese Komitee dat Art. 3 (7) voldoende voorsiening maak vir bogenoemde aangeleentheid en gevolglik wil ons aanbeveel dat art 43 2 (h) verwyder word.

Art. 44 Waar gemeenskapsradio van advertensies vir sy inkomste afhanklik behoort die stasie wat lisensiegelde betref op gelyke voet met private uitsaaistasies behandel te word.

Art. 47 Hierdie artikel handel oor die regulering van kruiseienaarskap van die bestaande media met radiostasies. Die SAUK beheer tans meer as twintig radiostasies wat almal soos die konsepwet nou lees onder die nuwe bedeling gelisensieer gaan word. Hierdie artikel wil verseker dat daar nie oormatige invloed van die persgroepe op die uitsaaiwese uitgeoefen word nie. In die geval van Perskor sou ons radiostasies wil vestig waar ons plattelandse koerante gevestig is.

785
DA

Die gebiede ter voorbeeld is Pietersburg, Klerksdorp, Witbank, Welkom, en Bloemfontein. Daarbenewens sou ons ook belangstel om 'n stedelike radiostasie daar te stel. Bogenoemde stel geensins 'n monopolie daar nie, veral aangesien die nasionale uitsaaier en in die toekoms ander uitsaaiers, ook in hierdie gebiede bedrywig sal wees.

Die advertensie-inkomste uit die plattelandse gebiede is egter baie beperk en 'n verdeling van die advertensie-inkomste kan veroorsaak dat die plaaslike radio en koerante 'n sukkel bestaan voer of selfs ekonomies nie lewensvatbaar kan wees nie. Ons wys op die absurditeit dat in die afwesigheid van koerant mededinging die enigste koeranteienaar verhoed wor om vir 'n plaaslike radio lisensie aansoek te doen. Gevolglik wil ons voorstel dat die plattelandse koerante 'n belang in die plattelandse radiostasies mag verkry. Dit kan selfs met ander belange in die gemenskap gedeel word. In die huidige konsep wetgewing word dit verbied, wat onses insiens onbillik is.
Die koerantgroepe het in die tagtiger jare die reg gekry om 'n betaal televisie-kanaal daar te stel. Deel van die motivering was om die koerantgroepe te vergoed vir die verlies aan advertensie-inkomste, weens reklame op die SAUK se TV kanale. Vanweë die belang in M-Net en die feit dat ons 'n belang in koerante met 'n gesamentlike sirkulasie van meer as 300 000 het, sou ons nie vir verdere radiostasies aansoek kon doen nie. Dit is ons beskeie mening dat daar teen die koerantgroepe op hierdie wyse gediskrimineer word om nie by radio betrokke te raak nie.

Volgens ons beskeie mening kan die koerante slegs by monopolistiese omstandighede betrokke raak indien hulle sou saamspan of indien hulle van die nasionale uitsaaier se dienste ook oorneem.

/3..

KH.786

Art. 50 (2) Bepaal dat 'n minimum persentasie van die televisiestasie se inkomste aan plaaslike inhoud bestee moet word. Ons aanbeveling is dat 'n bedrag (wat aan inflasie gekoppel is) of 'n spesifieke persentasie in die wet bepaal behoort te word.

Art 50 (3) Hier word voorsiening gemaak dat 'n sekere persentasie van die musiek wat uitgesaai word, kontemporêr moet wees. Daar behoort nie aan 'n radiodiens vooraf voorgeskryf te word watter musiek hy moet uitsaai nie. Dit moet aan die teikenmark oorgelaat word om te besluit wat die behoefte(s) is en hoe die uitsaaistasie daaraan kan voldoen.

Art. 51 handel oor die wysiging van lisensie voorwaardes. Die SAUK word egter deur 'n bestaande wet van die parlement beheer. Sal die voorgestelde wet ook op hom van toepassing wees?

Art. 52 (2) handel oor die maksimum tydperk van 'n lisensie. Vanweë die groot kapitale uitleg van 'n radiostasie, marknavorsing en langtermyn beplanning van personeelbehoeftes, programme ens. wil ons voorstel dat die lisensie van 'n radiostasie vir tien jaar toegeken word. 'n Lisensiehouer wie se lisensie verstryk behoort 'n voorkeursreg te hê op 'n voorgesette lisensie, tensy grondige redes tot die teendeel bestaan om enersyds sy belegging te regverdig en andersyds om dit te beskerm.

Skedule 4 (3) bepaal dat daar geag word dat 'n persoon wat 15% in 'n maatskappy besit, daardie maatskappy beheer. Dit is onses insiens onvoldoende om 'n maatskappy te beheer met 15% en moet eerder verhoog word na 30%.